

Sterk op `n perd se rug - Paarl Post Mei 2008

Die seuntjie kom met `n groot glimlag by die huis aan na skool, moeg rugby gespeel vertel hy. Maar sy pa weet, Clayton sal nooit saam met sy maaitjies kan hardloop nie. Rugbyspeel sal altyd net `n droom wees.

Clayton Smith (10) van Groendal in Franschhoek, is gebore met spierdistrofie, `n siekte wat hom geleidelik so verswak dat hy nou skaars kan loop en eersdaags permanent aan `n rolstoel gekluister kan wees.

Hy was in Groendal Primêr totdat die onderwysers sy ouers ingeroep en verduidelik het dat die baie trappe by die skool dit vir die seuntjie onmoontlik maak om verder aan te bly.

Hy is vanjaar na Ligstraal Skool in Paarl-Oos, `n spesiale skool vir kinders met gestremdhede. Clayton se ouer broer, Peter, was agt jaar oud toe hy met genetiese distrofie gediagnoseer is. Dit was net die tyd toe Clayton gebore is.

"Peter het nog so geloop en dan sommer net omgeval," onthou sy pa, Amdrew. "Sy toestand was reeds so ver gevorder dat daar nie veel gedoen kon word vir hom nie. Hy het `n rugoperasie gehad, maar hy is vandag, op 18, permanent in `n rolstoel."

Verlede jaar was Clayton se spiere ook so saamgetrek dat `n operasie aan sy enkels gedoen is om sy voete weer plat te kry. "Terwyl hy nog in gips was, het hy soos `n renjaer agter sy maats aangejaag in `n rolstoel. Maar toe moes die rolstoel teruggegee word, en nou kom hy sukkel-sukkel met opgeboude stewels oor die weg.

"Clayton moet elke drie maand e toetse ondergaan om sy toestand te monitor en met ingryping die verswakking van die spiere te vertraag. Sonder dit sal hy ook net in `n rolstoel kan sit. Dan verstyf sy rug en sal `n heupoperasie nodig wees.

"Ek wens so dat my seun soos `n gewone seuntjie `n bal kan rondskop en rugby speel, maar hy kan dit net in sy verbeelding doen," sê sy pa met hartseer in sy oë.

Maar dan glimlag hy weer. "Clayton is nie op sy mond geval nie. Hy is lekker hardgebak en almal in die straat is baie lief vir hom. Ons doen alles wat ons kan vir hom, masseer die bene as dit seer is. En soggens sesuur is hy op en reg vir skool."

"Ja," sê Clayton. "Ek kom reg. My pa maak my skoene vas. My ma pak my brood in en dan abba my pa my tot by die draai waar die skoolbussie my kom optel.

"Ons speel lekker by die skool, maar die perdry is die lekkerste. Op die perd se rug is ek sterk. Dan lyk ek soos `n gewone kind, want jy kannie sien my bene werk nie." Hy stoot sy rolstoel tot teenaan die perd se groot lyf en druk homself uit die stoel uit op. Met die eerste tree verstrek sy gesiggie van pyn.

"My bene is weer seer vandag," sê hy en skud sy koppie in furstrasie.

Maar ek sal loop en ek wil perdry. Ek gaan sterker word, want ek wil eendag soos my pa in `n garage werk."

Sy pa weet Clayton sal nooit die krag hê om met gereedskap onder `n motor se enjinkap te werk nie, maar dit pla die mannetjie nie. hy is mal oor motors.

"Ek wil twee karre hê – `n geel Ferrari en `n groen Jack Hammer (Hummer)," droom die seun met `n ondeunde glimlag.

Intussen gee perdry hom nie net die selfvertroue nie, maar dit maak ook sy spiere soepel en sterker.

Clayton sal oor die weg kan kom met `n loopraam. Daar is net nie fondse daarvoor nie.

Daar word R5 000 per jaar benodig om sy perdryterapie vir `n jaar te borg.

Belangstellendes kan vir M'Lani kontak by 083-604-4037 of besoek haar webwerf: www.amado.co.za